At the time that you were marching, did you know where the late Mr Caesar Motjeane was living? -- I did not know, nor did I know him.

When you were in that immediate vicinity of the Fowler (

bus/...

bus stop and the turn to the right and the intersection there, did you see any smoke coming from the south/eastern side, that is on your left-hand side in front and on the left?  
-- Yes, I did notice smoke there.

Did you know that that smoke emanated from or might have emanated from the house of any councillor or the late Caesar Motjeane or anybody else's house? -- I did not think of anything in that line because the smoke I noticed there was not a kind of a smoke which one could associate with a house which was on fire. (10)

What sort of smoke did you think it was? -- I just said to myself it was ordinary smoke which one finds when people burn some rubbish.

COURT : Where did you see the smoke? -- I had just passed Fowler bus stop whilst still on the march when I noticed that there was a smoke on my left.

Directly on your left or towards the front or the back?  
-- I am not quite of my position at the time that I became aware of the smoke, whether I had just passed the smoke slightly or what the position was in relation to the smoke (20) from where I was. It could be that I had just passed it. I am not certain.

So, it was to your left but behind you? -- That is what I think happened.

MR BIZOS : Did you proceed on the march? -- Yes, we proceeded on the march.

What was your eventual destination? -- Houtkop.

Did anyone suggest at any stage to you or to anyone else within your hearing that you were on your way to the councillors' houses? -- No, there was nothing like that, nothing at all. (30)

Did/...

Did you go past the post office? -- Yes, we went past the post office.

Did you see the post office having been damaged or being damaged or attempts being made to damage it? -- No, I did not see anything.

Was the - were the people on the march quiet as they were marching along? -- They were singing.

What were they singing? -- A song "Siyaya e Houtkop" was sung.

Did you reach Houtkop? -- No, we did not. (10)

Why not? -- Because when we reached the garage, Hunters Garage, that is where we found the police and on our meeting with the police there they dispersed us.

COURT : Where were the police? -- I was in the immediate vicinity of Hunters Garage when I became aware of the police vehicles which were parked across the road, which is obstructing our movement, right ahead of the vanguard.

MR BIZOS : What did the people on the march do when - what were the people in the march doing when you noticed the police vehicles ahead of the vanguard of the march? -- The (20) first thing I noticed was that the march slowed down the pace to an extent of nearly stopping. At that stage the singing was about to stop and at that stage one of the marshalls then said to the people not to panic, they must just be quiet, they are going to speak - they, meaning some people, will go and talk to the police. While this was still being conveyed to us on the march, that some people were going to speak to the police and therefore we need not panic, this was being said by the marshalls who were running on the sides of the march. The next thing I heard some shots being (30)

fired/...

fired from guns. After having heard the shots being fired I became aware of a helicopter which was flying above our heads. The next thing I smelt teargas. At that stage the march was dispersing, people taking cover in the nearby houses.

Before you heard shots, before you saw the helicopter above your head, did you hear anyone asking you to disperse?  
-- Nobody ever told us to disperse.

Did you yourself take cover in the neighbouring houses?  
-- Yes, I did. (10)

And for how long did you take cover? -- I remained there for quite some time where I was taking cover until I was satisfied that everything was now quiet, which time I estimate to have been about thirty minutes that I was taking cover there.

What did you do thereafter? -- After having satisfied myself that I will be able to go back home, I did so.

Did you see any property being damaged or having been damaged on your way home? -- No, what I noticed at the time was some smoke from the vicinity of the shopping centres. (20)  
COURT : Where? -- I noticed a smoke in the vicinity of the shopping centre in zone 12.

Only there? -- Not only there, even further down in the vicinity of the Indian shopping centre. There I noticed that these were on fire.

Is that now in Small Farms? -- Yes, that was when I was already in Small Farms and from a distance again I could see that there was some smoke in the shopping centre of zone 12 extension. I did not go near that.

MR BIZOS : Thank you, my lord, I have no further questions. (30)



KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Vilakazi, toe u die opmars verlaat het en die polisie u nou voorgekeer het en u uitmekaar uit gejaag het, waarheen het u gehardloop? In gebied 11 in of in n ander gebied in? -- Ek het na my regterkant toe gevlug.

Wat is daardie gebied? Gebied 13? -- Ja, dit is gebied 13.

Hoe ver het u ingevlug of het u by die eerste huise wat u by gekom het ingevlug? -- Ek het gevlug tot in die tweede straat vanaf hierdie toneel en toe daar skuiling geneem by(10) die huise daar.

Was daar mense by die huise toe u daar kom? -- Ja, ek het ander persone daar aangetref.

En terwyl u daar geskuil het was u nooit gemolesteer daar nie? -- Nee, ek was nie.

U het ook nie gesien dat die polisie enigiemand anders daar molesteer in die straat nie? -- Ek kon hoor dat daar mense was wat daar buite geskreeu het.

Kon u hoor dit is mense wat skreeu omdat die traanrook hulle oë geaffekteer het of vir watter rede hulle geskreeu(20) het? -- Al kan ek nie met sekerheid sê nie, maar my afleiding daarvan was dat dit as gevolg van die slaan deur die polisie was dat die mense geskreeu het. Dit sê ek omdat toe ons begin het vlug het, het die polisie alreeds sekere mense begin slaan.

Op watter stadium het die polisie mense begin slaan? -- Dit is toe die mense begin vlug het dat die polisie ook begin slaan het.

Waarmee? -- Sambokke.

Was jy op daardie stadium al voor aan die optog gewees?(30)

Voor/...

-- Voor? Wat bedoel u?

Die voorpunt? -- Nee, ek was nie by die voorpunt gewees nie.

Hoekom? Jy was dan so angstig gewees, jy het agter aangesluit en jy het opbeweeg in die optog om by die voorpunt uit te kom? -- Is u vraag hoekom is dit dat ek nie by die voorpunt gekom het nie?

Ja? -- Ek het hier in my getuienis vir die hof gesê dat sekere mense by die voorpunt van ons optog aangesluit het. Met die aansluiting van daardie persone het dit so (10) gebeur dat daardie persone later toe die voorpunt geword het van ons optog. Met die gevolg dat ek dus geen rede gesien het hoekom ek nog verder vorentoe moet gaan nie.

In die omgewing van Hunters Garage voor die uitmekaar gaan van hierdie mense, nadat die polisie op hulle gevuur het, het u daar in daardie omgewing enige rookkolomme gesien? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

In gebied 13, daar waar jy nou gedraai het by die poskantoor en toe nou afgeloop het tussen gebiede 11 en 13 met daardie pad, het u enige rookkolomme gesien in gebied 13? (20) -- Ek het nie opgelet nie.

En na die interseksie waar die groep aangesluit het by julle tot bo by die poskantoor, toe julle daar beweeg het, het jy enige rook gesien in gebied 11 of gebied 12? -- Praat u van die tydstop waar ek in die nabyheid of in die omgewing van Fowler was? Dit is waar ek was toe ek klein rook opgemerk het.

Ek praat van tussen Fowler en die poskantoor nadat u by die interseksie daar verby is? -- Nee, daar het ek geen rook gesien terwyl ek in daardie omgewing was nie. (30)

En/...

En voordat u nou by Fowler se bushalte gekom het, het u enige rook gesien in gebied 12 of gebied 12 uitbreiding? -- Ek het geen rook gesien in daardie twee gebiede, 12 en 12 uitbreiding nie.

Terwyl u by Fowler was, verstaan ek u reg, op daardie stadium toe u die klein rokie opgemerk het was die klein rokie agter u gewees aan die linkerkant maar aan die agterkant? -- Ja, nie veel agter nie.

So, is dit dan ook korrek om te sê dat u het nie dan rook op daardie stadium opgemerk in die omgewing van daardie (10) steeg waarvan u gepraat het wat daar inkom by die interseksie nie? -- Rook in die nabyheid van die steeg? Wat ek hier vir die hof sê is dat ek het bewus geword van rook aan my linkerkant terwyl ek in die nabyheid van Fowler se bushalte was.

HOF : Antwoord nou die vraag. -- Ek het geen ander rook opgemerk nie.

MNR. JACOBS : Het jy op enige later stadium uitgevind waar Caesar Motjeane gewoon het? -- Ek het later bewus daarvan geword dat hy iewers gewoon het daar as 'n mens met die (20) steeg opgaan.

En die rook wat u gesien het, die klein rokie wat agter u was, wat u agter u opgemerk het, was nie daar in die omgewing van Caesar Motjeane se huis nie? -- Dit kan wees dat dit in daardie nabyheid was.

Maar as jy by Fowler is en die rook is agter jou, dan is dit mos teenoorgesteld van waar Caesar se huis is by die steeg? -- My antwoord op u vraag is dat dit kan wees dat die rook wat ek van praat in die omgewing van Caesar se woning was maar my getuienis is terwyl ek in die nabyheid (30)

van/...

van Fowler se bushalte was, n entjie agter my, het ek bewus daarvan geword dat daar rook is.

Net dat ons die prentjie reg kry. Terwyl jy by Fowler se bushalte was, het jy, soos die optog beweeg het, gekyk in die rigting van die steeg, nê? -- Ek het nie direk na die steeg toe gekyk nie. Ek het vorentoe gekyk in die rigting wat ek gestap het. Dit kan wees dat my oog daardie omgewing gevang het met die loop, want n mens kyk nie net reguit na vorentoe nie. Dit kan wees dat ek rondgekyk het ook.

HOF : Waar was u in die optog? Linkerkant, regterkant of (10) in die middel? -- Ek was in die middel van die optog maar meer na links, nie buite nie, maar meer na links.

MNR. JACOBS : Fowler se busstop vanaf die interseksie daar, hoe ver is dit weg? -- Ek weet nie hoe ver dit is nie, want ek sal u sê, ek is nie goed met skattings nie.

Maar gee vir ons n skatting net, min of meer, is dit die lengte van die hof, verder? -- is u vraag wat die distansie is vanaf Fowler se bushalte na die steeg toe?

Na die interseksie toe dan? Hoe ver is dit van daar waar daardie aansluiting is van die pad wat van die stadion (20) af kom? -- (Getuie dui distansie aan)

HOF : Dit is ongeveer 150 meter. -- Nee, dan is daardie skatting te ver. Kyk, dit is nie so ver nie.

Waarom loop u nou so in n sirkel? -- Nee, daar was n misverstand gewees. Ek was net besig om aan die tolk te beduie watter punt ek van praat, nie dat die skatting moet gaan volgens ek aan die tolk beduie het nie. Ek praat van direk hiervanaf waar ek staan met n direkte lyn na daardie gebou toe.

Ek kan nou nie deur twee mure kyk nie. Hoe n groot (30

stuk/...

stuk van 'n voetbalveld? Dit is baie makliker? -- Die helfte daarvan.

50 Meter.

MNR. JACOBS : So, 50 meter direk voor jou was dan die interseksie gewees? -- Dit kan wees.

Skuins agter jou aan die linkerkant sien jy rook? -- Nee, ek het nie so gesê nie. Ek sê ek was in die omgewing van daardie punt gewees. Dit kan wees dat ek alreeds die punt 'n bietjie verby is of net voor ek by die punt gekom het. Dit is die omgewing waarvan ek praat. (10)

HOF : Watter punt? -- Die punt waarvan ek praat is die bushalte van Fowler. Dit is voor ek by die interseksie kom.

MNR. JACOBS : Kom ons maak dit nou nog makliker vir jou. Ek wil nou vir jou 'n eenvoudige vraag vra. Hoe is dit dat jy die rook nou vir die eerste keer opmerk links agter jou? -- Ek weet nie of u my verstaan nie. Ek sê dit kon wees dat ek net 'n bietjie verby was by Fowler se bushalte.

Maar die feit bly nog jy het gesê toe was die rook links agter jou? -- Ek weet nou nie hoe om dit te antwoord nie, want ek sê vir u toe ek bewus geword het van daardie rook (20) was ek in die omgewing van Fowler se bushalte. Of ek nou alreeds verby die punt was of nog in daardie omgewing was, is die beste vir my om vir u te sê dat terwyl ek in die omgewing van Fowler se bushalte was, het ek die rook gesien.

U sien, want my volgende vraag aan u is, hoekom het u dan nie die rook vroeër gesien toe u nog aangekom het na Fowler se bushalte toe as dit links agter jou was nie? -- Dit is miskien omdat ek nie opgelet het nie.

Hierdie groep daar by die interseksie, u wou, volgens ek u getuienis verstaan, die voerpunt van die optog net geva (10)

het/...

het toe u by daardie punt gekom het. Was daar mense aan weerskante van daardie interseksie gewees? -- Ek volg nie die vraag nie?

Het daar op die interseksie weerskante van die teerpad mense gestaan? Wat is moeilik aan daardie vraag? -- Ja, daar was mense gewees wat by die optog aangesluit het.

So, hierdie mense het gestaan aan weerskante van die teerpad daar by die interseksie. Is dit jou getuienis? -- My getuienis is dat terwyl ons aangekom het na hierdie kruising toe, die interseksie, was daar mense gewees wat (10) by die optog aangesluit het. In die nabyheid van daardie interseksie was daar enkellopende persone gewees wat aan weerskante van die pad was.

In die interseksie self op die kruising self, was daar mense in die pad gewees behalwe die groep wat aangekom het? -- Miskien twee of drie wat daar gestaan het. Ek weet nie. Al wat ek sê is, terwyl ons nog aangekom het na daardie punt toe het ek bewus geword van mense wat enkellopend was wat in die nabyheid was van die pad wat later miskien aangesluit het by die optog. Dit kan ek nie sê nie. (20)

Het jy enige mense gesien wat beweeg in die steeg? -- Ek het nie persone opgelet in daardie steeg nie.

Is dit al die tyd totdat jy by die steeg verby is, het jy nooit mense opgelet in daardie steeg nie? -- Ek weet nie. Miskien was daar mense gewees, maar ek het hulle nie opgelet nie.

As daar mense was dan sou jy dit tog gesien het? -- Indien ek opgelet het, ja, sou ek hulle gesien het.

Maar jy het mos vorentoe gekyk wat gaan daar aan en toe sien jy mos die steeg? -- Ek sê ja, ek het na vorentoe gekyk (20)

terwyl/...

terwyl ek stap. Dit het af en toe gebeur dat ek rondgekyk het, maar nie met 'n spesifieke doel om iets te sien nie. Dit kan wees dat dit in my oog geval het dat ek iets gesien het, maar omdat dit nie veel beteken het vir my nie, het ek nie veel ag daarop geslaan nie. Dit is presies dieselfde met hierdie steeg, dat ek dalk in daardie rigting gekyk het of die steeg in my oog geval het, maar nie mense daar opgelet het nie.

Het jy mense gesien wat van die stadion se kant af, 'n groep mense wat gekom het om aan te sluit by hierdie optog(10) van julle? -- Die klomp mense waarvan ek praat wat ek gesien het, is dié wat van voor af gekom het.

Het jy niemand gesien wat met die pad wat van die stadion af gekom het, aangekom het en daar aangesluit het by julle optog nie? -- Miskien 'n persoon of twee wat van daardie rigting af gekom het en by die optog aangesluit het. Dit weet ek nie. 'n Ander ding wat ek duidelik wil maak is dat as daar 'n klomp mense aankom, is dit merkbaar en 'n mens sal bewus daarvan word dat daar 'n klomp mense aankom.

Kom ons gaan dan nou na die merkbare klomp mense toe. (20) Ek verstaan nie jou getuienis mooi of jy hulle gesien het voordat hulle aangesluit het by julle optog nie en of jy hulle gesien het terwyl hulle alreeds deel gevorm het van die voorpunt van julle optog? -- Volgens my waarneming, onmiddellik na die optog stadig begin beweeg het, het ek gesien dat die mense besig was om aan te sluit by die optog. Hoe ver hulle was by die aansluiting van die optog op die stadium wat ek opgekyk het met die deurmekaarspul wat daar plaasgevind het, kan ek nie sê nie.

So, daar was nou 'n deurmekaarspul daar voor gewees? (30)

Ja/...

-- Ja.

Hierdie mense wat jy nou beweer in die deurmekaarspul aangesluit het, was hulle ook in h optog opgevorm? -- Volgens my waarneming, die mense was in h optog opgevorm gewees toe hulle aangekom het, want met hulle aansluiting hier by ons optog, het hulle ook plakkate gehad.

HOF : So, met ander woorde, sê u dat dit moes h optog gewees het omdat daar plakkate was? -- Dit is hoe ek dit aangeneem het dat dit h optog was omdat hulle ook plakkate gehad het en dit was h klomp persone. (10)

MNR. JACOBS : Was julle optog se voerpunt alreeds besig om reg oor van die huise te loop na julle by die interseksie verby is of hoe ver was julle al by die interseksie verby op daardie stadium? -- Tussen die huise waar nou?

Kyk, die pad gaan tog daarso, nadat hy by die interseksie verby is en hy na regs effentjies swenk, gaan hy mos daar by huise verby.

HOF : Maar wat is die vraag? Wat van die huise?

MNR. JACOBS : Of die voerpunt alreeds by die eerste huise verby of by die huise was. (20)

HOF : Is die vraag vir u duidelik, want die vraag is nie vir my duidelik nie? -- Herhaal die vraag vir my?

MNR. JACOBS : In jou getuienis-in-hoof het jy gesê dat die optog is alreeds by die interseksie - die optog van julle se voerpunt was alreeds by die interseksie verby en besig om te beweeg na die draai. Is dit reg? Dit was in die rigting van die poskantoor, in die rigting van Houtkop? -- Wat ek sê is, die voerpunt van die optog van ons het al hierdie punt verbygegaan. Die aansluitingspad sowel as die steeg. (30)

Dit/...



Dit is wat ek sê. So, hulle was die aansluitingspad reeds verby. Met ander woorde, hulle was verby die interseksie alreeds, die voerpunt?

HOF : Wel, ons het dit nou afgehandel. Hy sê die voerpunt was al verby die steeg. Nou kan u u eie afleidings maak. As u op die kaart kyk, sal u sien dit is verby die interseksie.

MNR. JACOBS : Hoe ver was dit alreeds verby gewees? Was dit alreeds gelyk aan die eerste huise gewees? Dan kom ek by my vraag terug van netnou. Eerste huise aan die linker-(10) kant of aan die regterkant? -- Ek is nie duidelik met die vraag nie. Daar is huise aan die linkerkant van daardie pad, soos die optog gekom het, dit wil sê by die pad wat aansluit by die hoofpad wat ons gebruik het. Dit is die stadion se pad. Aan weerskante daar is daar huise. Dan aan weerskante van die steeg is daar huise. My probleem is, watter huise praat die advokaat van by die huise wat ek nou genoem het?

Ek praat van die huise op die pad soos julle geloop het aan julle linkerkant nadat julle die interseksie verby (20) is? -- Wat van daardie huise?

Is dit waar julle hierdie mense ontmoet het of die mense met die ander plakkate aangesluit het? -- Ek sê die mense het by ons voerpunt van die optog aangesluit na die voerpunt die aansluitingspad sowel as die steeg verby was.

Goed, as u dit nie wil antwoord nie, dan los ons dit daar. As iemand sou beweer het dat die mense het aangesluit by hierdie optog net toe die voerpunt van julle optog die interseksie binnegegaan het, is dit ten minste verkeerd? -- Volgens my waarneming het dit plaasgevind na die (30)

voerpunt/...

voorpunt van die optog alreeds die steeg verby was.

Hoe het daardie groep mense wat van voor af gekom het aangesluit by julle optog? -- Ek het nie presies opgelet hoe hulle by ons optog aangesluit het nie. Ek kan nie sê wat die distansie was wat hulle was toe ek hulle gesien het nie. Al wat ek vir die hof kan sê is dat daar was wel 'n vertraging gewees as gevolg van die mense se aansluiting by ons optog.

Is dit dan ook so, jy maak net weer 'n afleiding daar het mense aangesluit, want jy het nie gesien die mense sluit (10) aan nie? -- Nee, ek sê nie dat ek nie gesien het nie. Ek sê ek het gesien dat mense fisies aansluit by hierdie optog van ons, maar wat gesê was net voor hulle aangesluit het, is wat ek nie kan sê nie. Ek kon sien dat die mense plak-kate gehad het. Tweedens, wat ek daarby bedoel is, hoe die posisies daar verdeel is tussen ons optog en daardie mense wat aansluit, dit sal ek nie kan sê nie. Dit is wat ek nie weet nie.

Wie het vir u gevra wat die mense daar voor gesê het? -- Ek antwoord u vraag as u vir my vra hoe die mense aan- (20) gesluit het. Ek neem aan u wou geweet het wat alles daar gesê is en wat gedoen is.

Nou vra ek weer vir u, wie het vir u gevra wat het die mense gesê toe hulle aangesluit het? -- Ja, maar u vraag is hoe het die mense op hierdie optog aangesluit.

Kom ons toets dit weer. Jy het nou net vir die hof gesê jy het gesien die mense sluit fisies aan daar voor by die voerpunt van die optog? -- Kyk, ek sê ek het opgemerk as gevolg van die optog se vermindering van die pas dat daar mense van voor af aangekom het wat plak-kate gehad het. (30)

Wat/...

Wat die distansie was tussen die twee voerpunte op daardie stadium, kan ek nie sê nie, maar op die ou end later toe sien ek dat daardie mense wat van voor af gekom het sluit by hierdie optog aan. Van praat sê ek, hoe hulle met mekaar daar gepraat het, wie watter posisie sal neem met die aansluiting, is wat ek nie weet nie. Wat ek verder sê is dat die aansluiting van hierdie mense het 'n vertraging veroorsaak omdat daar 'n deurmekaarspul was tot 'n mate daar voor, dat 'n mens nie kon uitmaak wat die oorsaak daarvan was nie, welwetende dat daar mense is wat aansluit. (10)

Is u nou klaar? -- Ja.

Ek wil 'n versoek aan u rig, luister na my vrae en antwoord net my vrae, asseblief. -- Ja, dit is goed.

Nou wil ek vir u weer vra, u het gesien hoe sluit hulle fisies aan. Hoe sluit hulle fisies aan? -- Ek weet nie hoe het hulle daar aangesluit nie. Al wat ek sê is, ek het gesien toe hulle aansluit.

U praat daarvan dat hulle het die nuwe voorhoede gevorm van die optog. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Dan moes u tog seker gesien het dat daardie mense is (20) nou daar, hulle draai net om en nou loop hulle voor, dan het jy mos gesien hoe sluit hulle fisies aan? -- Mag ek miskien vir u verduidelik wat ek daarby bedoel?

HOF : Ja. -- Wat ek daarby bedoel is dat hierdie klomp mense in daardie optog was nie na agter toe gestuur om verder agter te gaan inval nie. Wat ek wel gesien het was dat die mense wel ingeval het by die optog iewers daar voor. In daardie sin sê ek dat hulle die voerpunt was omdat ek teruggeval het. Die distansie het 'n bietjie groter geword tussen die punt waar ek was vroeër en die voerpunt van die (30)

optog/...

optog.

MNR. JACOBS : Maar dit is mos eenvoudig. As hier n klomp mense staan wat ook in n optog is, tweehonderd mense, dit is mos n groot klomp mense en dat jy sal sien of hulle net omdraai en dan loop hulle voor of nie? Wat sukkel jy daarmee? -- Die gesukkel met u is dat ons mekaar nie verstaan nie. Ek sê die mense was nie teruggeneem om agter in te val nie. U sê as ek dit sê, dan beteken dit dat die mense daar voor omgedraai het sommer en n voerpunt gevorm het. Dit is nie wat ek sê nie. Al wat ek sê is, hulle het iewers daar voor (10) plek ingeneem.

Maar u het nie gesien waar nie. Iewers voor maar u weet nie waar nie?-- Wat ek sê is, die mense het iewers daar voor ingeval in die nabyheid van die voerpunt. Dit is waar hulle aangesluit het.

En u is seker hulle het nie n nuwe voerpunt van hierdie opmars gevorm nie? -- Ek sê die mense wat met hierdie optog daar gekom het, op die ou end was die voerpunt van ons optog want hulle het voor ons wat agter was ingeval.

En ook voor die voerpunt van julle optog? -- Ek sê dit (20) is wat gebeur het. Dat die aankomende optog wat by ons aangesluit het, het by die voerpunt van ons optog aangesluit waarop hulle geëindig het as leiers van ons optog aan die voerpunt, want op n latere stadium het ek opgemerk dat ek verder teruggeval het vanaf die posisie waar ek was.

Is dit dan so, het hulle net daar voor stelling ingeneem en in hulle spore omgedraai en toe vorm hulle die voorhoede, die leiers? -- Ek weet nie. Dit is miskien so.

So, met ander woorde, jy het nie gesien hoe sluit hulle aan nie? -- Wat ek gesien het is dat daar mense is wat by (30)

ons/...

ons optog daar aangesluit het. Wat se leiding hulle geneem het, wat se posisie hulle ingeneem het, weet ek nie.

En as daar enige getuienis in hierdie hof is wat sê dat daardie mense het van die voerpunt tot by die helfte ongeveer van hierdie optog ingefiltreer tussen julle in, dan is dit heeltemal verkeerd? -- Wie dit ook al gesê het het dit dalk so opgelet. Dit is nie wat ek daar waargeneem het nie.

Maar sal u saamstem dit is tog nie wat gebeur het volgens jou getuienis nie. Dit moet dan vals wees? -- Ek kan nie sê (10) dit is vals nie. Dit kan gebeur dat mense op 'n punt twee verskillende dinge sien. Ek kan nie sê hy lieg nie.

Ek wil dit aan jou stel jy kan nie vir die hof vandag vertel hoe daardie mense aangesluit het by die optog nie, omdat jy vir die hof leuens vertel en daar nie mense aangesluit het nie? -- Ek wil dit aan u stel dat daar wel mense was wat daar aangesluit het by die optog van ons.

Dan wil ek dit nog verder aan u stel dat daardie mense wat daar heeltemal 'n deurmekaarspul by die voerpunt veroorsaak is, is mense wat uit gebied 11 gekom het, uit die (20) steeg en daar na die voerpunt van julle optog toe gekom het? -- Dit is glad nie die waarheid nie.

En toe het daardie mense daar gekom en toe was daar 'n deurmekaarspul en die voerpunt van julle optog onder die leiding van Esau Raditsela is by daardie steeg in? -- Wie ook al dit gesê het praat nie die waarheid nie. Dit het nie gebeur nie.

Kan jy dan vir die hof enige verduideliking gee ...

(Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : With the greatest respect, nobody said so. (30)

IC.8's/...

IC.8's evidence was not to that effect and the other eye witness that gave evidence for the state ran away, if his evidence is to be believed. Neither of them said what has just been put.

COURT : I have a difficulty of course as to what the different versions of the different sides in this case are, but I will sort that out eventually.

MNR. JACOBS : Daar is die huis van Caeser Motjeane toe aangeval en afgebrand asook sy voertuie en is hy en die persoon wat by hom gewoon het vermoor daar deur die mob, (10) die skare wat daar ingegaan het? -- As iemand hier vir die hof kom sê het dat daar mense van ons optog afgebreek het, praat daardie persoon nie die waarheid nie.

Kom ons gaan na n ander aspek toe. Die jeugorganisasie wat in die Vaal gestig sou word, het u geweet daarvan voor hierdie vergadering van 16 Junie 1983? -- Al waarvan ek geweet het was die kongres van COSAS wat in die Kaap gehou was, het besluit om sekere lede se lidmaatskap te beëindig en dit was besluit deur daardie persone daar by COSAS, wie se lidmaatskap beëindig was, dat daar n organisasie gestig (20) sal moet word wat dan bestaan uit die mense wie se lidmaatskap beëindig is. Wanneer dit sou wees, weet ek nie.

Was dit ook besluit daar dat so n jeugorganisasie moet in die Vaal gestig word? -- Dit is nie die kennis wat ek gekry het nie. Ek het die kennis gekry dat die mense wie se lidmaatskap daar beëindig was in die algemeen besluit het dat hulle n organisasie gaan stig vir die mense wat nie meer gekwalifiseer het onder COSAS nie. Ons het toe besluit in die Vaal dat ons ook daar n organisasie van daardie tipe sal moet stig.

(30)

Is dit nou voor die vergadering van 16 Junie 1983 dat julle besluit het om 'n jeugorganisasie te stig? -- So 'n resoluëie was aanvaar gewees na dit bekend gemaak was in die vergadering, dit is die herdenkingsdiens van 16 Junie 1983, maar voor dit het ek alreeds daarvan geweet as gevolg van 'n bespreking wat ek met een van my vriende gehad het wie dit aan my vertel het.

Met wie het u 'n bespreking gehad? -- Ek het dit van beskuldigde nr. 5 gehoor, synde 'n persoon wat die kongres bygewoon het. Hy is 'n persoon wat met daardie inligting (10) na my toe gekom he.

Is dit net na die kongres in Mei 1982 in Kaapstad? -- Ja, dit is die kongres wat hy van gepraat het.

Dit is net na die kongres? -- Nee, nie onmiddellik na die kongres nie. As ek reg onthou het hy melding hiervan gemaak vroeg in 1983, dat daar besluit was deur die lede wie se lidmaatskap beëindig was om 'n organisasie op hulle eie te stig, maar ons het dit nie verder bespreek nie. Toe hy dit weer die tweede keer aan my genoem het, was dit net voor die herdenkingsdiens van 16 Junie 1983, dat ons nou (20) daarvoor gepraat het en toe breedvoerig bespreek het.

So, die gedagte van 'n "youth congress" of jeugorganisasie het nie sy oorsprong gehad op die herdenkingsdiens van 16 Junie 1983 nie? -- Ek kan so sê, ja, want ek het voor daardie datum hiervan bewus geword.

Is dit nie so nie dat daar voor 16 Junie 1983 alreeds 'n komitee bestaan het in die Vaal wat moes werk vir die organisering van so 'n organisasie? -- Ek weet nie van 'n komitee wat alreeds bestaan het voor 16 Junie 1983 nie.

U is mos bekend as Simon Vilakazi, nê? -- Ja. (30)

Ek/...

Ek wil dit aan u stel u is nie nou eerlik met die hof nie want u was 'n lid van daardie komitee, daardie groep wat gewerk het? Of "an informal group", die naam van die komitee? -- As ek reg verstaan, die woord wat u gebruik van "informal", vir my beteken dit dit is nie 'n komitee wat gekies is nie. Dit is net 'n ding wat daar is.

HOF : Dit word aan u gestel of daar is 'n komitee wat gekies is of dit is 'n ding wat daar is? -- As daar enige mense was wat bymekaar gekom het of vergader het voor die dag van 16 Junie 1983, dan dra ek geen kennis daarvan nie. Dit (10) is voor die 18de. Andersins, of dit nou formeel of informeel was, ek dra nog geen kennis daarvan nie. Eers na die 18de het ek kennis gedra daarvan dat daar wel mense was wat bymekaar gekom het.

MNR. JACOBS : Wat sal u daarvan sê dat dit beweer word dat beskuldigde nr. 5 het opgetree as die voorsitter van hierdie groep dan in die vergaderings wat hulle gehou het?

HOF : Dit is nou voor 18 Junie?

MNR. JACOBS : Voor 18 Junie? -- Wat? Was hy die voorsitter van vergaderings wat gehou was? As hy enige vergadering (20) gehad het waar hy as 'n voorsitter opgetree het, dan sou dit miskien by herdenkingsdienste gewees het, maar nie by 'n vergadering waar die jeugorganisasie bespreek was nie.

Indien daar wel vergaderings was wat te doene gehad het met die jeugdige se organisasie, dan weet ek nie daarvan nie. Ek het eers daarvan bewus geword na die 18de.

Maar aan die begin van 1983 sê u dat u het dit toe ernstig bespreek met beskuldigde nr. 5 voor die vergadering van 16 Junie 1983? -- Ek het gesê in daardie tyd het hy my ingelig van die besluit wat geneem was by die "congress" (30)

wat/...



wat gehou was in die Kaap en hy het my nie versoek om enigiets daaromtrent te doen nie en my ook nie genooi om saam te kom om h vergadering van die jeugdiges te gaan bywoon nie.

Het u ooit op enige stadium h vergadering van jeugdiges bygewoon, hetsy voor of na 16 Junie 1983, behalwe nou daardie die 16de en die 18de se twee? -- Ja, eers na die twee vergaderings, veral die een van die 18de. Na daardie vergadering het ek h vergadering van die jeugdiges bygewoon.

Is dit net een vergadering of het jy meer as een bygewoon? -- Vergaderings wat ek kan onthou as ek reg onthou wat (10) ek bygewoon het, was net twee. Daarna het ek h vergadering van die jeugdiges wat gehou was in my area. Dit het gebeur gedurende 1984 toe ons daar gewerk het met die oog daarop om die jeugdiges se organisasie te herstig in my area.

Jy praat van h herstigting van die jeugdiges se organisasie. Wat se jeugdiges wou julle toe herstig? -- Daarby bedoel ek op die 18de was daar toe besluit op die stigting van die jeugdiges se organisasie in daardie omgewing van die Vaal. Daar was, as ek reg onthou, net twee vergaderings gewees met betrekking tot die stigting van hierdie organi- (20) sasie. Daar was toe niks verder gedoen nie. In 1984 eers het ek weer daaraan gedink om weer dit te begin deur die mense daaraan te herinner met die beplanning van die stigting.

Kom ons kry dan nou net duidelikheid. Die 1984 vergadering wat u netnou genoem het, die herstigtingsvergadering, is h vergadering wat u self gereël het dan, nê? -- Nee, nie net ek as h persoon nie. Dit was gereël deur mense wat saam met my die vergaderings bygewoon het.

Wie het hierdie vergadering waarna u verwys in 1984 (30) gereël/...

gereël? -- In 1984 praat ek van die vergaderings wat ek in my area gehou het waar ek twee of drie van hierdie vergaderings gehou het.

Ek verstaan u getuienis nou glad nie. Eers het u gesê daar was in 1984 een gehou en gereël en nou sê u daar was blykbaar drie wat nou gereël en gehou was. Is dit reg? -- Ek het gepraat van vergaderings, nie 'n vergadering nie. Ek praat van twee vergaderings in die jaar 1983.

Is dit die twee vergaderings in 1983 wat u nou net gesê het wat u gereël het en gehou het? -- Ek sê die vergaderings (10) wat ons in die jaar 1984 gehou het by my area is dié wat voorberei was deur myself en die mense wat saam met my was.

En hoeveel is hulle nou wat in 1984 deur uself en die mense wat saam met u was gereël is? -- Twee of drie. Ek kan nie meer goed onthou nie.

En toe jy netnou gesê het daar was een vergadering in 1984 omtrent die jeugorganisasie was dit nie die waarheid wat u vir die hof gesê het nie?

MR BIZOS : The witness made a distinction between one meeting to form the organisation and a couple of meetings prior (20) to that to arrange for that meeting. It is clear on the witness's evidence. There is no contradiction.

MNR. JACOBS : Met alle respek, die getuie het gesê in 1983 het hy twee vergaderings gehou of bygewoon en toe in 1984 een en toe het ek hom geneem op die een. Ek sal terugkom na die ander drie toe. Die ander twee toe.

HOF : Die vraag word toegelaat.

MNR. JACOBS : Antwoord nou? -- Ek kan nie meer die vraag onthou nie. Herhaal net die vraag?

Toe u netnou vir die hof gesê het in 1984 was daar (30)

net/...

net een vergadering gewees, was dit n onwaarheid wat u aan die hof gesê het? -- As ek miskien gesê het dat daar net een vergadering gehou was in 1984, dan het ek n fout gemaak, want ek praat van drie vergaderings wat by my area gehou was.

HOF VERDAAG TOT 17 FEBRUARIE 1988.

## **DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### **PUBLISHER:**

*Publisher:*- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

*Location:*- Johannesburg

©2009

### **LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### **DOCUMENT DETAILS:**

*Document ID:*- AK2117-I2-30-347

*Document Title:*- Vol 347 p 19805-19878. Witnesses: Thekiso, Vilakazi